## WERKSAAMHEDE VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

*Natal*

Die bestuur van die Natalse afdeling van die *Historiese Genootskap* het op 13 Februarie 1965 te Pietermaritzburg vergader. Die volgende lede was by die geleentheid teenwoordig: Prof. G. S. Nienaber (voorsitter), ds. A. J. van Wyk, mnre. G. A. Chadwick, D. C. Slaney, I. A. Adendorff en A. P. Venter. Afwesig was ds. J. Pretorius en mnr. B. Leverton.

Terwyl verslag gedoen is oor verskillende aangeleenthede wat deur lede onderneem is, het die bestuur verskeie nuwe take in vooruitsig gestel, waaroor later in *Historia* meer besonderhede verstrek sal word. Die lede het ook onderneem om artikels vir *Historia* te skryf en leerlinge van hoër- sowel laerskole sal aangemoedig word om bydraes vir *Historia Junior* te lewer.

*Oranje-Vrystaat*

Op 20 Maart 1965 het die voorsitter van die hoofbestuur, dr. J. J. van Tonder, 'n belangrike samespreking op Bloemfontein gehad met prof. J. J. Oberholster en mnre. Boshoff (Shannonse Hoërskool), J. F. Stemmet (Sentrale Hoërskool) en K. J. Pienaar (Grey-Kollege). Daar sal binnekort meer inligting oor die werksaamhede van die Vrystaatse afdeling van die *Historiese Genootskap* verstrek word.

*Kaapland*

Op 'n bestuursvergadering van die Kaaplandse afdeling van die *Historiese Genootskap* wat op 12 Februarie 1965 gehou is, is die nuwe bestuur soos volg saamgestel: ds. A. P. Smit (Kerkargivaris, Kaapstad) en mnre. J. J. Smit, du Preez, J. Fourie en E. P. L. Stals.

*Transvaal*

Op 'n bestuursvergadering van die Transvaalse afdeling van die *Historiese Genootskap*, gehou op 13 Maart 1965 te Pretoria, was die volgende lede teenwoordig: dr. J. J. van Tonder (voorsitter), proff. A. N. Pelzer (hoofredakteur), J. S. du Plessis en F. J. du T. Spies, mnre. J. H. Dippenaar (penningmeester), Rupert Maree (sekretaris), P. van Zyl, P. J. Venter en W. A. Stals, drr. T. A. du Plessis (redakteur *Historia Junior*), T. S. van Rooyen en H. Stander.


Besluit is om op 16 Oktober 'n konferensie oor Geskiedenis te Potchefstroom te hou. Dit sal die tiende soortgelyke jaarlikse byeenkoms in Transvaal wees sedert die stigting van die Genootskap. Die voorlopige program sluit die volgende in:

Oggend: Referate en besprekings oor Geskiedenis as vak op die terrein van die universiteit, kollege en skool.

Middag: Vergadering van die Sentrale Hoofbestuur.

Aand: Openbare byeenkoms toegespreek deur sy edele min. Jan de Klerk, minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

*Bygaande foto is van 'n groep Boere-krygsgevangenes geneem op 24 Februarie 1902 op Ceylon. Dit is in besit van die weduwee van I. R. Vermooten wat ook op die foto verskyn. Die name van die persone is met ink bygeskryf en word hieronder verstrek. Ongelukkig het enkele name onleesbaar geword. Die redaksie publiseer dié foto omdat dit beslis historiese waarde het en ook omdat dit waarskynlik die belangstelling sal trek van die persone op die foto wat nog in lewe is of van hulle afstammelinge. Ingeval van ons lesers besonderhede kan verstrek oor enige van die persone, sal ons graag daarvan verneem.*




*Uit die dakvenster: Leech Eadmeads, Pieter van Aswegen.*
*Agter: Havenga (?) (net die laaste vier letters van die naam kom nog voor), F. C. Lochner, J. van Tonder, W. Botha, J. H. Vorster, I. Vermooten, R. P. Swanepoel, W. Nel, F. C. Hefer, S. F. Steyn, W. J. de (res van die naam onleesbaar), W. du Plessis (?), (laaste naam onleesbaar; moontlik Grobbelaar).*
*Tweede ry: V.d. Schijf (voorletters ontbreek), O. Roos, P. de Bruin, T. de Bruin, A. C. Hauptfleisch, P. Nelson, H. Reyneke, Jan Bothma, Japie de Villiers, Lawrence (voorletters onleesbaar).*
*Derde ry: J. C. Louw, J. J. Laracy (?), H. J. Marais, J. van Rooyen, P. van Aswegen, M. J. Kinnear, J. C. Louw, Lewis Kruger, H. J. Coetzee, N. W. Lamprecht, M. Oosthuizen.*
*Voor: H. L. Oosthuizen, J. C. Smith, J. Ward, M. J. Nell, J. Grimbeek, J. J. Pienaar, A. A. v.d. Heever, J. J. Fourie, P. J. Snijman, George Meiring.*